

# Die VOC-tydperk en die ontwikkeling van identiteitsbewussyn aan die Kaap

PIETER KAPP\*

In hierdie die herdenkingsjaar van die stigting van die VOC is een van die belangrike vrae wat waarskynlik in besprekings op verskillende konferensies aandag sal kry, die vraag na wat die VOC se uitgebreide oorsese bedrywighede blywend tot stand gebring het. Daar sal waarskynlik na die argitektuur in Indonesië, die invloed van Nederlands op die Indonesiese tale en op Maleisies, die oorblyfsels van benaminge en die posisie in Suriname, Nederlandse Antille en Nederlands Guyana verwys word. Suid-Afrika, een van die gebiede in die Nederlandse “koloniale ryk” waar die bande met Nederland die vroegste verbreek is, sal stellig as een van die interessantse gevalle van ‘n duidelik identifiseerbare Nederlandse invloed en verbintenis erken word.

Heelwat studies is al oor gebeure en faktore wat betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland op veral kulturele en godsdienstige terrein weerspieël, onderneem en nuwe studies sal stellig in die toekoms nog onderneem word. Besondere verwantskap wat ontwikkel het, of die potensiaal gehad het om te ontwikkel, het inderdaad ‘n aantrekkings- en afstotingskrag – in Gerrit Schutte se woorde ‘*n adhesie en aversie*<sup>1</sup> - van hulle eie gehad. Die vraag waarom die Nederlandse basiselement nie geabsorbeer is in die nuwe Britse karakter na 1795 en in besonder na 1806 nie, maar op ‘n eiesoortige wyse ontwikkel het, val buite die tydperk van die VOC. Die vraag hier ter sprake is wat die situasie teen 1795 was ten opsigte van die ontwikkeling van bepaalde identiteite in dié Nederlandse oorsese gebied.

Sedert 1990 beleef Suid-Afrika ‘n besondere belangstelling in studies oor kulturele en etniese identiteit. In die jare sewentig en tagtig het, soos Simon

---

• Prof. P.H. Kapp is emeritus Universiteit Stellenbosch en ‘n navorsingsgenoot Universiteit van die Vrystaat. Hierdie studie is oorspronklik as referaat gelewer by die Internasionale VOC Konferensie, Stellenbosch, 3-5 April 2002.

1. G.J. SCHUTTE, *Nederland en de Afrikaners. Adhesie en aversie* (T. Wever, Franeker, 1986).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

Bekker aantoon,<sup>2</sup> navorsers vrae rakende kulturele en etniese identiteit vermy. As jy daaraan aandag gegee het, is jy gebrandmerk as iemand wat deur apartheid gekontamineer is. Klas en ras is as die enigste aanvaarbare konsepte vir ontleding beskou.<sup>3</sup> Sedertdien geniet identiteits- en erfenisstudies ‘n ongekende belangstelling van historici, antropoloë en sosiaal-wetenskaplikes. Dit herinner sterk aan die veertiger- en vyftigerjare toe navorsers hulle intensief met die historiese en sosiale aspekte van die Afrikaner se identiteit besig gehou het. Sedert 1990 is dit egter ander groepe as Afrikaners wat hulle met ‘n identiteitsoeke besig hou. Hierdie studie wil daarom ondersoek doen na die mate waarin hierdie soek na hulle historiese wortels die VOC-tyd as vormende tydperk beskou.

In sy resente doktorsale proefskrif het Ad Biewenga<sup>4</sup> die sosiale karakter van die Kaapse platteland – op daardie tydstip Stellenbosch en Drakenstein – tussen 1680 en 1730 ondersoek en dit met ‘n tipiese Nederlandse plattelandse gemeenskap van daardie tyd vergelyk. As die groot sosiale en kulturele verskeidenheid en die potensiaal vir sosiale stratifikasie en akkulturasie aan die Kaap in aanmerking geneem word, ontstaan die vraag in hoe ‘n mate die strukture, lewenswyse en sosiale gebruike aan die Kaap vroeg reeds ‘n eie weg begin inslaan het. In hoe ‘n mate het daar toe reeds nuwe identiteite uit die versameling van mense van verskillende agtergronde en kulturele en sosiale ervarings begin ontstaan? Biewenga se gevolgtrekking is dat die Kaap teen 1730 ‘n werklike Nederlandse vestigingskolonie was wat al die strukturele kenmerke van die Nederlandse samelewing van die tyd vertoon het. Maar, sê hy,

Achter deze Nederlandse buitekant konden vele identiteiten schuil gaan. Maar een steeds groter aantal mensen moet het Nederlandse culturele erfgoed als het hunne beschouwd hebben. Dit process van assimilatie, deze reeks van persoonlike worstelingen met het identiteit en zingeëving vraag echter om een ander boek.<sup>5</sup>

- 
2. S. BEKKER en R. PRINSLOO, *Identity? Theory, Politics, History*, p. 5 (RGN, Pretoria, 1999).
  3. S. BEKKER, *Ethnicity in focus: The South African Case* (Indicator Press, Durban, 1993).
  4. AD BIEWENGA, *De Kaap de Goede Hoop. Een Nederlandse vestigingskolonie 1680-1730* (Proefskrif Vrije Universiteit van Amsterdam, 1999. Prometheus-Bert Bakker, Amsterdam, 1999).
  5. *Ibid*, p. 290.

Teen die agtergrond van die vroeë en die nuwe belangstelling in die VOC-tydperk as navorsingsterrein,<sup>6</sup> is die oogmerk van hierdie referaat om drie vrae te hanteer:

1. Hoe word identiteit bepaal?
2. In hoe 'n mate het die identiteite wat skuil gaan agter die Nederlandse dop, teen 1795 uitgekruip? Of liever wat sê historici wat het uitgekruip?
3. Is daardie identiteite wat deur historici blootgelê word selfuitdrukking of eietydse projeksies? In hoeverre dus is Nuttal en Coetzee reg dat identiteite gekonstrueer word deur navorsers en dat herinneringe gemaak word?<sup>7</sup>

## **1. Identiteit**

Die eenvoudigste omskrywing van identiteit is dat dit dit is waaraan 'n mens uitgeken word. Vir misdaaddoeleindes word lyke en misdadigers aan hulle fisiese kenmerke geëien en op uitkenningsparades uitgeken op grond van hulle voorkoms. Mense identifiseer hulleself egter ook op talle ander maniere: deur die taal wat hulle praat, hulle vaderland, die plek waar hulle woon, met wie hulle assosieër, watter sosiale verhoudinge hulle ontwikkel, onderhou of verwerp en wat hulle sê en doen. Dit impliseer dat mense hulle op meer as een manier kan identifiseer. Hoe kompleks 'n samelewing hoe ingewikkelder die identifikasiepatrone in daardie samelewing. Hoe eenvoudiger die samelewing hoe minder die moontlikhede om op 'n verskeidenheid wyses aan identiteit uitdrukking te gee.

Daar is verskillende figure om identiteite te identifiseer en voor te stel. Vier is hier ter sake: die piramide figuur waarvolgens identiteit uit verskillende lae opgebou is met die oorheersende een die basis waarop die piramide berus. Die tweede die konsentriese sirkel figuur waarvolgens die verskillende identiteite ingesluit word in 'n konsentriese reeks sirkels wat dit as vas en ondeurdringbaar voorstel met die basis in die kern geleë en wat allesinsluitend deur die laaste sirkel omvat word.. Die derde figuur is 'n grafiek wat wisselende vorme vertoon met hoogtepunte en laagtepunte wat impliseer dat bepaalde aspekte van 'n persoon se identiteit op bepaalde oomblikke hoogtepunte en ander op ander oomblikke laagtepunte bereik. Dit

---

6. P.H. KAPP, "Die VOC-tydperk as navorsingsterrein vir historici" in *Historia* 46(2), November 2001, pp. 365-386.

7. S. NUTTAL en C. COETZEE (reds), *Negotiating the past: the making of memory in South Africa* (Oxford UP, Kaapstad, 1998).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

is 'n handige figuur om verandering oor tyd te weerspieël maar dit impliseer dat daar geen stabiliteit is nie. Die vierde model is dit wat ek die chaos figuur noem: 'n chaotiese patroon van elliptiese bane wat op 'n onsistematiese wyse in hulle bane beweeg en dus onvoorspelbaar is in terme van verandering oor die tyd. Maar hierdie elliptiese bane is elkeen om 'n kernpunt geanker wat impliseer dat daar 'n bepaalde stabiele en standhoudende faktor(e) aanwesig is wat die sleutel tot die begrip van die verskeidenheid bied.

Die belangrike vraag is wat is dit wat die wesenlike kern van hierdie identiteite vorm. Wat is dit wat, as dit weggeneem word, die hele verskeidenheid verander omdat dit 'n rimpeleffek op al die ander uitdrukkinge van identiteit het?

Identiteit is nie noodwendig, dikwels heel selde, iets waarvan mense bewus is of wat hulle bewustelik ontwikkel, vertroetel of organiseer. Dit is ook nie iets wat vasstaande en onveranderlik is nie. Verandering is trouens 'n wesenlike eienskap van identiteit omdat aanpassing by nuwe omstandighede noodsaaklik is anders stagneer en fossiele 'n bepaalde identiteitsvorm. Tog bly bepaalde kernelement(e) ten spyte van die verandering behoue. Identiteit is 'n natuurlike produk van mense se daaglikse verkeer en kontak en kom tot uitdrukking in instellings wat doodeenvoudig 'n natuurlike orde in die samelewing verteenwoordig: die gesin en familie, die sosiale verkeer, ekonomiese bedrywighede, georganiseerde aktiwiteite waaraan mense deelneem, opvoeding, onderwys, skole, godsdiens en kerke. Dit is net wanneer daar mededinging of botsings of groot veranderinge of kontak met vreemdes intree dat mense deur bepaalde aksies of omstandighede bewus gemaak word van wie en wat hulle is. Die feit dat hierdie reeks verskynsels van die begin af in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aanwesig was, maak van die kwessie van identiteitsbeleving 'n belangrike faktor in die verstaan van houdings, aksies en gebeure.

Dit is teen die agtergrond van die vraag in hoeverre daar aan die Kaap 'n natuurlike onbewuste proses van identiteitsvorming plaasgevind het dat hierdie studie aangebied word. In hoeverre het veranderende omstandighede, nuwe magskonstellasies, konflik en sosiale stratifikasie daartoe bygedra dat bepaalde identiteitsbewussynne ontwikkel of nie ontwikkel het nie? In die Suid-Afrikaanse historiografie is hierdie vraag van besondere belang omdat dit die debat oor ras, klas en etnisiteit ten grondslag lê. Soos elders aangetoon,<sup>8</sup> is dit veral die debat tussen historici of 'n rassebewustheid 'n historiese erfenis of 'n latere skepping is, wat aandag geniet het.

---

8. P.H. KAPP, *Op. cit.*

Daar is in die geskiedenis 'n verskeidenheid identifisiemiddele: taal, kultuur, etnisiteit, ras, land van herkoms, onderdaanskap, sosiale posisie, ekonomiese posisie, ens. Die afgelope dekades was ras en klas, eerder as kulturele identiteit en staatsburgerskap, die gewildste verklarings. Die vereenvoudiging van die debat tot ras en klas<sup>9</sup> het veel van die nuanses van identiteit misgekyk. Die nuwe reeks boeke van Kwela<sup>10</sup> toon moontlikhede om hierdie nuanses beter te hanteer, maar kan ook maklik in 'n eensydige hantering van identiteit as sosiale stratifikasie alleen beland. Robert Ross, wat identiteit in terme van status en fatsoenlikheid (*respectability*)<sup>11</sup> benader, toon begrip vir hierdie ingewikkeldheid as hy beklemtoon dat die inwoners van Kaapstad in die agtiende en neëntiende eeu *classified themselves and each other in terms of gender, colour, class, occupation, legal status and ethnicity to give a by no means exhausted list*.<sup>12</sup> Om identiteit in die Kompanjiesydperk te kan identifiseer in terme van hedendaagse klassifikasies, is besonder problematies. Heese wys trouens daarop dat die enigste twee groepe aan die Kaap wat 'n onweerlegbare besondere identiteit gehad het, die Khoi en die San is.<sup>13</sup> Die gewoon daaglikse omgang van mense in 'n samelewing bring mee dat hulle willekeurig of onwillekerig, bewus of onbewus, deur hulle optrede, houding en woorde keuses maak waardeur hulle uitdrukking gee aan iets wat later deur historici as uitinge van identiteit beskou word, terwyl dit vir die mense van die tyd die mees alledaagse en natuurlike optrede verteenwoordig het.<sup>14</sup>

Wat is die verskil tussen identiteit en sosiale stratifikasies gebaseer op stand en klas? Laasgenoemde is meer vloeibaar as eersgenoemde omdat die sosiale mobiliteit wat deur beroep, status van werk en finansiële posisie bepaal word, makliker kan verander as identiteit wat 'n bepaalde stabiele en vaste kern verteenwoordig en bewustelik opgesê moet word deur daarvan afstand te doen of daarteen te rebelleer. Identiteit is daarom juis nie bloot net "'n konstruksie wat voortdurend hersien word ..'n proses eerder van word as van

---

9. C. SAUNDERS, *The making of the South African past. Major historians on race and class* (David Philip, Kaapstad, 1988).

10. Die reeks *Social Identities in South Africa* word vanjaar gepubliseer.

11. R. ROSS, *Status and Respectability in the Cape Colony. A Tragedy of manners*. (Cambridge UP. Cambridge, 1999).

12. R. ROSS, *Roots and Realities* (Referaat gelewer by UWK, 1986).

13. H. HEESE, Identiteitsprobleme gedurende die 17de eeu, *Kronos* 1/1979, pp. 27-33.

14. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die uitspraak in *Di geskiedenis van ons land in die taal van ons volk*, p.26 (Faksimile weergawe van die 1877 oorspronklike, Human en Rousseau, Kaapstad, 1975) oor die bruinmense wat in werklikheid 'n tipiese stereotipe van daardie tyd verteenwoordig.

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

wees” nie.<sup>15</sup> Dit kan so wees en daar sal in hierdie referaat gevra word na die mate waarin dit moderne konstruksies verteenwoordig en die mate waarin dit inderdaad daardie stabiele kern bevat waarna reeds verwys is.

## **2. Die verskeidenheid potensiële identiteite in die Kompanjiestyd.**

As die huidige stand van die historiografie in aanmerking geneem word, is daar vyf basiese identiteite wat potensiël tydens die Kompanjiestyd kon bestaan of kon ontwikkel het. Die belangrike vraag is of hierdie potensiaal werklik as ‘n identiteitsbewussyn beskryf kan word of as bloot sosiale groeperinge. Is dit die verskeidenheid wat aldus Biewenga teen 1730 skuil gegaan het agter die Nederlandse dop? Die vyf word vervolgens afsonderlik bespreek: ‘n Nederlands-Afrikaanse identiteit, ‘n slawe-identiteit, ‘n Khoi- en ‘n San-identiteit, ‘n vrygekleurde identiteit en ‘n Moslem-identiteit.

### **2.1 ‘n Nederlands-Afrikaanse identiteit (alt ‘n Afrikaneridentiteit)**

Daar bestaan ‘n uitgebreide historiese en veral populêre literatuur en ‘n verskeidenheid hipotesisse oor die ontstaansgeskiedenis van ‘n Afrikaneridentiteit. Dit het tot uiteenlopende sienings gelei wat dikwels by sowel voor- as teenstanders sterk beïnvloed is deur kontemporêre mentaliteite en belange. Politieke oorwegings aan weerskante van die politieke spektrum het ‘n rol gespeel om die “ontdekkers” van ‘n vermeende histories diepgewortelde Afrikaneridentiteit teenoor skeptici en die revisioniste te stel. Maar of hierdie posisionerings die wesenlike kenmerk van die Afrikaanse wetenskaplike geskiedskrywing verteenwoordig, is ‘n ander vraag.

Die “ontdekkers” is basies gemotiveer deur ‘n reaksie teen die Brits-imperiale siening van Suid-Afrika en die Afrikaner se verlede. Hulle het daarna gestreef om in reaksie op die Brits-imperiaalgerigte geskiedskrywing die bestaan van ‘n eie historiese ervaring te boek te stel wat aanspraak kon maak op ‘n egte en diepgewortelde Suid-Afrikaanse patriotisme en die reg op ‘n eie plek en verlede. Dit is veelseggend dat ‘n relatiewe buitestaander soos prof. E.C. Godeé-Molsbergen, wat van 1904 tot 1910 die eerste professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch was, die werklikhede van Engelse reaksie teen hierdie aanspraak op ‘n eie geskiedenis sou ervaar. Sy teksboek vir skole het ‘n belangrike komponent Suid-Afrikaanse geskiedenis in plaas van imperiale geskiedenis bevat. Dit is in die Engelse pers vyandig ontvang en is deur die Transvaalse Direkteur van Onderwys op die swartlys

---

15. H. WASSERMAN in *Die Burger*, 1.10.2001, p. 9.

geplaas omdat dit te eksplisiet aan die Afrikaner se geskiedenis en stryd aandag gegee het. Godeé-Molsbergen het dan ook aan sy studente dié raad gegee: *In uw geschiedenis ontsteelt men u het erfdeel dat u toekomt; strijdt voor het vaderland met wettige middelen.*<sup>16</sup> Uit die aard van die saak het Godeé-Molsbergen as Nederlander 'n besondere belangstelling in die Kompanjies tyd getoon en in die vraag hoe die identiteitsverandering Nederlands-Afrikaans ontplooi het. In die stryd van daardie tyd tussen Afrikaans en Nederlands was hy aan Nederlands se kant.

Hierdie belangstelling het in die begin nie van historiese kant nie maar van volkskundige, genealogiese en taalkundige kant gekom. Die geslagsregister van C.C. de Villiers, die vraag na die *Afkomst der Boeren*<sup>17</sup>, volkskundige studies soos die van Th Schonken<sup>18</sup> en S.J. du Toit<sup>19</sup> en veral studies oor die herkoms van Afrikaans<sup>20</sup> vanweë die taalstryd tussen Nederlands en Afrikaans, het teen die middel twintigerjare die toneel oorheers. In al hierdie studies word aan die rol en bydrae van die slawe en buitelandse en inheemse groepe aandag gegee.

Dit is die historiese debat oor die Boer-Brit stryd wat meegebring het dat vrae en konflikte wat daar ontstaan het, mettertyd verder in die geskiedenis na die Kompanjies tyd teruggevoer is.<sup>21</sup> Dít, tesame met genl Hertzog se poging om 'n rassebeleid te ontwikkel, het vrae aan die orde gestel wat eerder met die periode ná 1828 te doen gehad het en vandaar teruggekaats is na die Kompanjies tyd. Dit is immers een van die belangrike bestaansredes van geskiedenis dat hy die hede probeer inlig deur die historiese oorspronge en ontwikkeling van vraagstukke van die dag na te gaan. Dit het tot openbare

- 
16. A.J. BOËSEKEN, Lewe en werk van prof. E.C. Godeé-Molsbergen, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 17/1, April 1975, pp.3-27.
  17. H.T. COLENBRANDER, *De Afkomst der Boeren* (Algemeen Nederlands Verbond, Amsterdam, 1902).
  18. F. TH. SCHONKEN, *De oorsprong der Kaaps-Hollandshe Volksoverleveringen*. Doktorale proefskrif (J.H. de Bussy, Amsterdam, 1914).
  19. S.J. DU TOIT, *Suid-Afrikaanse Volkspoësie. Bydrae tot die Suid-Afrikaanse Volkskunde*. Doktorale proefskrif (Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1924).
  20. S.P.E. BOSHOFF, *Volk en Taal van Suid-Afrika* (J.H. de Bussy, Pretoria, 1921); D.B. BOSMAN, *Oor die Ontstaan van Afrikaans*. Doktorale Proefskrif (Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1928); D.C. HESSELING, *Het Afrikaansch* (E.J. Brill, Leiden, 1899).
  21. Kyk 'n mens byvoorbeeld na S.J. du Toit se *Di geskiedenis van ons land in die taal van ons volk* en C.N.J du Plessis se *Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van den Afrikaanders* (J.H. de Bussy, Amsterdam, 1898) kan gesien word hoe weinig waarde hulle aan die Kompanjies tyd as vormgewer van historiese magte en kragte geheg het.

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

belangstelling in en gesprekvoering oor die Afrikaner se oorspronge en sy “tradisionele” kleurbeleid en republikeinse ideale gelei. Kyk ‘n mens byvoorbeeld na ‘n werk soos die van S.F.N. Gie<sup>22</sup> dan is dit die nugtere saaklikheid van die werk wat tref – daar is nie ideologiese nasionalistiese elemente in sy werk nie. In die Inleiding word wel algemene opmerkings oor die vormende waarde van die vaderlandse en volksgeskiedenis gemaak, wat die gebruik in talle historiese werke van die tyd was en wat wêreldwyd as 'n belangrike motivering vir die onderrig van Geskiedenis op skool gedien het. Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie belangstelling ontstaan voor die politieke breuk van 1933-34 omdat daar ‘n neiging bestaan om veel aan dié gebeure en die dertigerjare toe te skryf. Die verskyning van William MacMillan se twee boeke oor die oorsprong van rasseverhoudinge,<sup>23</sup> (onderskeidelik in 1927 en 1929) het ‘n nuwe belangstelling in en debat oor die ontstaan van die gemengde bevolking, rasseverhoudinge en die grensvraagstuk tot gevolg gehad. Die dertigerjare het daarom tot ‘n sterk toename in navorsing, publikasie en standpunte oor hierdie sake gelei. Saam met die Voortrekkereuefees, wat noodwendig tot ‘n intense belangstelling in die geskiedenis van die Groot Trek, die trekboere en die Afrikaner se geskiedenis as sodanig gelei het, het die politieke krisis in Suid-Afrika en in Europa ‘n milieu geskep wat die potensiaal vir heelwat akademiese en politieke frontvorming bevat het.

Die kritiek van revisioniste en skeptici dateer uit ‘n latere periode. Dit is moeilik om dit aan ‘n spesifieke datum of gebeurtenis te koppel omdat daar in Engelse, en in ‘n mindere mate Amerikaanse publikasies, ‘n deurlopende kritiek was op aspekte van die interpretasies wat gegee is terwyl daar onder Afrikaanse historici heelwat debat oor besonderhede van bepaalde aspekte van die interpretasies gevoer is.<sup>24</sup> Die kritiek was in die eerste plek gemik op historiese aspekte van die rassebeleid in Suid-Afrika en veral op die aanspraak dat die apartheidsbeleid en segregasie die tradisionle oorgeerfde natuurlike rigting van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is. Die vraag na die oorsprong van die Afrikaner se rassehouding het aanvanklik veral op die grenservaring, vermeende Calvinistiese invloed en die Boererepublieke gekonsentreer. Dit was die verskyning van *The Oxford History of South Africa* (1969) en van *The Shaping of South African Society 1652-1820*

- 
22. S.F.N. GIE, *Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede*, twee dele (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1928).
  23. W.M. MACMILLAN, *The Cape Colour Question. A Historical Survey* (Faber & Gwyer, Londen, 1927); *Bantu, Boer and Briton. The Making of the South African Native Problem* (Faber & Gwyer, Londen, 1929).
  24. Dit is interessant om hierdie debatte te sien ontplooi in die oorspronklike dokumente van historici soos PJ van der Merwe, AL Geyer en HB Thom.



(1979) wat uiteindelik aan die debat 'n nuwe momentum gegee het. Die ontluikende konfrontasie tussen die liberale en die radikale skole in die geskiedskrywing in die sewentiger- en tagtigerjare het aan die debat 'n nuwe dimensie gegee.

Die Kompanjies tyd het in die radikale interpretasies aanvanklik nie veel aandag geniet nie. Dit het eers werklik aandag begin trek toe Amerikaanse interpretasies oor slawerny, die rol van die grens en die konsep van 'n *civic religion* op die Suid-Afrikaanse geskiedenis toegepas is. Die stigting van die Instituut vir Historiese Navorsing aan die Universiteit van Wes-Kaapland (in 1976) en die bydrae van historici van die Universiteit van Kaapstad het gehelp om aan te toon dat die Kaapse samelewing 'n eie dinamika gehad het en dat die Witwatersrand nie die middelpunt van Suid-Afrikaanse historiese magte en kragte verteenwoordig nie. Die nuwe belangstelling in eiendomsverhoudinge, sosiale interaksie en arbeid het die aandag gevestig op die posisie van die slawe, die vryswartes, die Khoi en San in terme van hierdie vormende invloede. In dié proses is toenemend getoon dat daar ook ander, en in aansluiting by die toe geldige akademiese mode, méér betekenisvolle kragte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis opgesluit lê as net Britse imperialisme en Afrikanernasionalisme. Dit is teen hierdie agtergrond dat in die jare tagtig begin is om Afrikaanse geskiedskrywing oor Afrikaneridentiteit as politiek-ideologiese konstruksies in diens van Afrikanernasionalisme en die regering se apartheidsbeleid te beskou. Die betekenisvolle rol wat 'n eie historiese beeld in die ontwikkelende Afrikaanse Gedagte van na Uniewording gespeel het, soos dit veral deur sekere skrywers en deur openbare aansprake verwoord is, is toenemend as verteenwoordigend van die Afrikaanse geskiedbeoefening beskou en aan kritiese bevraagtekening onderwerp. Of hierdie werke werklik die stand van die wetenskaplike Afrikaanse geskiedskrywing van die tyd verteenwoordig, is 'n vraag wat sy eie antwoord verg.

Voorbeelde van geskiedskrywing in diens van 'n "nasiebouprojek"<sup>25</sup> is geselekteer. Ten opsigte van die Kompanjies tyd is die aandag toegespits op uitsprake oor 'n aantal spesifieke gebeure wat dan as sentraal tot "die wording van ons Afrikanervolk" beskou word. Dit, so luid die kritiek, verteenwoordig 'n valse konstruksie en sluit doelbewus ander deelnemers uit. Hierdie nie-wit deelnemers word 'n eie geskiedenis en 'n eie bydrae ontsê. Die lys van gebeure wat gewoonlik uitgesonder word, is die volgende:

---

25. Die woordkeuse is André du Toit s'n. Sien sy bydrae in H.C. BREDEKAMP (red.), *Afrikaanse Geskiedskrywing en Letterkunde: Verlede, hede en toekoms*, (UWK Publikasiereeks B2, 1992), p. 11.

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

- Die koms van Jan van Riebeeck is ‘n volksplanting en sy gebed by aankoms ‘n bevestiging van sy hoë roeping om ‘n Christelike Westerse beskawing aan die suidpunt van Afrika te vestig.
- Die instelling van die Vryburgers wat die draers van ‘n vryheidsideaal sou word.
- Die botsing met die Khoi en die feit dat aan die Kaap nie, soos in ander Nederlandse oorsese gebiede, ‘n ten volle geïntegreerde samelewing ontwikkel het nie.
- Die koms van die Hugonote wat ‘n hoogtepunt van Christelike en Calvinistiese beïnvloeding verteenwoordig en ‘n sleutel bydrae tot die vorming van die Afrikaanse volkskarakter gelewer het.
- Die verzet teen Willem Adrean van der Stel wat as die eerste uiting van ‘n vryheidsgees beskou word.
- Die uitroep in 1707 van ‘n besope Hendrik Bibault “Ik ben een Africaander”, wat as die eerste pertinente manifestering van ‘n Afrikaneridentiteit beskou word.
- Die veeboere wat die binneland ingetrek het en die “wilde” wêreld vir die “Christelike beskawing” mak gemaak het.
- Die Patriottebeweging van 1779.
- Die opstande in Swellendam en Graaff-Reinet wat die eerste uitdrukking van die republikeinse ideale van die Afrikaner verteenwoordig.
- Die Calvinistiese kerk en godsdiens met sy duidelike skeiding van Christen en heiden en sy afkeur aan rassevermenging.

Om te kan bepaal of dit ‘n billike weergawe is van die beeld van Afrikaneridentiteit wat in die Afrikaanse wetenskaplike geskiedskrywing geskep word, moet ‘n deeglik geselekteerde lys van wetenskaplike studies in Afrikaans nagegaan word om op elkeen van hierdie punte te bepaal presies wat hulle daarvan sê. Dit is nie in die bestek van ‘n referaat soos hierdie moontlik of wenslik nie. In ‘n ander artikel het ek aangetoon dat die wetenskaplike geskiedskrywing in beide Engels en Afrikaans oor die Kompanjiestyd ‘n veel meer gevarieerde en wydlopende karakter vertoon as wat hierdie stereotipe verteenwoordig. Tog sou ‘n mens in ‘n populêre opname waarskynlik heelwat steun vir sodanige stereotipes vind. Hierdie studie is egter nie ‘n mikrostudie van hoe ‘n populêre historiese beeld tot stand kom nie. Die referaat wil bepaal wat die stand van kennis oor identiteit aan die Kaap in die Kompanjiestyd is.

Daar is veral 'n aantal werke wat meermale gebruik word as voorbeelde van hierdie siening: J.L.M. Franken,<sup>26</sup> Coenraad Beyers se werk oor die Kaapse Patriotte,<sup>27</sup> die hoofstuk “Wording van die Afrikaner” deur J.A. Wiid in deel 2 van Van der Walt, Wiid en Geyer,<sup>28</sup> G.D. Scholtz,<sup>29</sup> M.C. E van Schoor,<sup>30</sup> FA van Jaarsveld<sup>31</sup> en D.J Kotzé.<sup>32</sup> Daar is uit die aard van die saak talle meer populêre voorbeelde van pogings om die ontstaan van 'n Afrikaneridentiteit na die Kompanjiestyd en die Vryburgers terug te voer. 'n Studie van hierdie werke bring aan die lig dat die beeld wat geskep word van die Kompanjiestyd en die oorsprong van Afrikaneridentiteit nie so enkelvoudig is as wat soms gesuggereer word nie. Franken, Beyers, Van Jaarsveld en Kotzé is die duidelikste identifiseerbaar met hierdie standpunt, maar die res is veel meer beskrywende studies as wat dit geklee is in terme van 'n “nasiebou-projek”. As Van Jaarsveld en Kotzé se werk in die konteks van die hele studie gelees word, is so 'n voorstelling ook in hierdie geval 'n oorvereenvoudiging.

Die slawe, die vrygekleurdes, die Khoi, die San, vroue en ander groepe meer op die kantlyn van die samelewing kry nie die aandag in hierdie werke wat vandag verwag sou word of wat hulle verdien nie. Die stand van kennis oor hierdie groepe is ook vandag veel meer uitgebreid as wat voorheen die geval was. Of dit 'n doelbewuste uitskrif van hierdie groepe uit die geskiedenis is, of dit 'n “stilte” is omdat hulle nie as belangrik geag is nie, en of hulle rol destyds nie begryp is vir wat dit vandag begryp word nie, is vrae in eie reg.

- 
26. J.L.M. FRANKEN, “Hendrik Bibault of Die Opkoms van ‘n Volk” in *Die Huisgenoot*, 21.9.1928; Die Hugenote in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 41/1978); Uit die Lewe van ‘n Beroemde Afrikaner, Christiaan Hendrik Persoon in *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jaargang XV, Afl 4 Oktober 1937.
  27. C. BEYERS, *Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortbestaan van hulle denkbeelde* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1929).
  28. A.J.H. VAN DER WALT, J.A. Wiid en A.L. Geyer, *Geskiedenis van Suid Afrika*, twee dele, (Nasionale Pers, Kaapstad, 1954).
  29. G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, deel 1, 1652-1806*, (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967).
  30. M.C. E VAN SCHOOR, Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in die Transgariëp in 1854 in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 26(2), 1963.
  31. Van sy talle publikasies word net die volgende vir hierdie doel geselekteer. *Wie en wat is die Afrikaner?* (Tafelberg, Kaapstad, 1981); *Die Afrikaner en sy Geskiedenis* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1959).
  32. D.J. KOTZÉ, *Positiewe Nasionalisme*, (Tafelberg, Kaapstad, 1968), pp. 20-34. *Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

Die debat oor identiteite aan die Kaap kan nog heelwat nuwe perspektiewe in hierdie verband oplewer.

Heelwat studies het ook die lig gesien om aan te toon dat daar teen 1795 nie van ‘n eie Afrikeridentiteit gepraat kan word nie,<sup>33</sup> dat die aanspraak op ‘n deurlopende republikeinse grondgedagte van die Patriotte en die opstande in Swellendam en Graaff Reinet tot by Paul Kruger oordrewe is<sup>34</sup> en dat in plaas van skeiding integrasie en vermenging eerder die patroon aan die Kaap was teen die einde van die Hollandse tydperk.<sup>35</sup> Die uitgebreide debat die afgelope honderdjaar oor die bloedsamestelling en afkoms van die Afrikaner<sup>36</sup> en oor die oorsprong van Afrikaans as taal<sup>37</sup> is verdere getuienis van die uitgebreide en omvattende aard van die aansprake en teensprake wat oor Afrikaneridentiteit gemaak word.

Biewenga se bevinding dat die Kaapse samelewing in 1730 ‘n basiese Nederlandse identiteit vertoon het, is waarskynlik in 1795 nog geldig. Maar wat hy as verskuilde identiteite in 1730 beskou het, begin nou al spore vertoon. Twee belangrike elemente om daardie spore te laat ontwikkel, was in 1795 nog afwesig: kragtige konflik en die duidelike vergestaltung van “‘n vyand(e)”. Dit sou eers in die loop van die Britse bewind ontwikkel.<sup>38</sup> Die Kompanjie was te swak om die twee elemente te verteenwoordig, Nederland te vasgevang in Europese ontwikkelinge en Brittanje nog te veel met maagdelike onskuld bekleed. Nuwe tye en nuwe gebeure sou in die loop van die agtiende eeu op ‘n verskeidenheid fronte hieraan verandering bring.

- 
33. H.F. HEESE, “Identiteitsprobleme gedurende die 17de eeu” in *Kronos* 1/1979, p.28.
  34. G. SCHUTTE, *De Nederlandse Patriotten en de koloniën*, p.74 ( Gepublisseerde proefskrif 1974, uitgewer nie vermeld nie)
  35. Verskillende hoofstukke in H.B. GILLIOMEE en RICHARD ELPICK, *‘n Samelewing in Wording, 1652-1840*; G.C. DE WET, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1652-1707* (Historiese Publikasie Vereniging, Kaapstad, 1981); Robert Ross, *Status and Respectability in the Cape Colony, 1750-1850. A Tragedy of Manners*.
  36. As ‘n enkele voorbeeld die studie van H.F. HEESE, *Die herkoms van die Afrikaner, 1652-1867* (Balkema, Kaapstad, 1971).
  37. J.C. STEYN, *Tuiste in eie Taal* (Tafelberg, Kaapstad, 1980); F. PONELIS, *The development of Afrikaans* (Peter Lang, Frankfurt am Main, 1993).
  38. J. DU P. SCHOLTZ, *Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875*, pp. 20-21 vestig die aandag op vroeë tekens van ‘n nuwe element na 1806. (Nasionale Pers, Kaapstad, 1939). Vgl ook H.B. GILLIOMEE, *Die Ontwikkeling van Selfkonsepsies by die Afrikaner* (in H.W. VAN DER MERWE (red.), *Identiteit en Verandering*, p.20 (Tafelberg, Kaapstad, 1975).

## 2.2. Die Khoi en San

Die Khoi en die San was inderdaad die enigste twee groepe aan die Kaap wat 'n duidelike en onweerlegbare eie identiteit gehad het. Maar hierdie identiteit het in die loop van die Kompanjiestyd, veral in die Wes- en Suid-Kaap, verbrokkel vanweë die ineenstorting van hulle tradisionele organisasies en die inkrimping van hulle vermoë om 'n selfstandige bestaan te maak. Dié met 'n tradisionele identiteit het uitgewyk na die grensgebiede en die binneland. Binne die kolonie het hulle toenemend as plaas- en dorpswerkers of op sendingstasies en in sendingreservate tereggekóm. Die faktore wat tot hulle verswakking gelei het, is van vroeg af in die literatuur geïdentifiseer: die verlies van hulle weivelde en vee, die verswakking van hulle tradisionele gesagstrukture, hulle afhanklikheid van drank, tabak en ander Westerse ruilmiddele, oorloë en siekte-epidemies. Hulle was nie in staat om op grond van mag, produkte of kundighede vir hulle 'n redelike posisie in die Kaapse samelewing te verwerf nie. Hulle moes as arbeiders op die plase en in die dorpe 'n heenkome vind.<sup>39</sup> Dit het 'n belangrike mate van persoonlike sekuriteit gebied wat heelwat van hulle vroeër nie geniet het nie.

Die wyse waarop hierdie verloop deur historici beskryf word, het wel ingrypend verander. In die vroeë literatuur word van die uitbreiding van die Kolonie en die "oorwinning" oor Khoi en San verset gepraat. Die verset word as 'n lastige gevolg van die onbeskaafde toestand van die Khoi en die San gesien en hulle aanspraak op eie weiveld of jaggebiede word ligweg afgemaak. Hulle is 'n struikelblok en 'n bedreiging vir koloniale uitbreiding en moet so doeltreffend moontlik verslaan en verdryf of onderwerp word. Diegene wat by koloniste in diens getree het, of op die sendingstasies gevestig was, is as "mak" en diegene wat hulle tradisionele lewenswyse behou het, is as "wild" getipeer. Daar is weinig van 'n poging om tot 'n verstaan van hulle lewenswyse en behoeftes en belange te kom. Die werk van antropoloë en taalkundiges soos die Bleek's,<sup>40</sup> Schapera,<sup>41</sup> Maingard,<sup>42</sup> en Nienaber<sup>43</sup> is as waardevolle beskrywings van hulle lewenswyse en kultuur beskou.

---

39. Vergelyk byvoorbeeld R. VILJOEN, *Khoisan labour relations in the Overberg districts during the latter half of the 18th century, c 1755-1795* (MA, UWK, 1993).

40. W.H. BLEEK, *Specimens of Bushman Folklore* (Allen, Londen, 1911); DF BLEEK, *A Bushman Dictionary* (American Oriental Series vol 41, New Haven Conn., 1956); D.F. BLEEK, *Comparative vocabularies of Bushman languages* (Cambridge UP, 1929).

41. I. SCHAPERA, *The Khoisan peoples of South Africa: Bushman and Hottentots* (Routledge & Paul, Londen, 1930); I. SCHAPERA en B. FARRINGTON (reds.), *The early Cape Hottentots described in the writings of Olfert Dapper (1668), Willem ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695)*. (Van Riebeeck Vereniging 14, Kaapstad, 1933).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

Navorsing in die vroeë jare was beperk tot 'n studie van regeringsbeleid of die invloed van die sending. Een van die weinige werklik goeie beskrywings van die Khoi aan die Kaap in die eerste jare van die Kompanjie het nooit in druk verskyn nie. Saunders<sup>44</sup> noem die werk van Le Roux<sup>45</sup> *a pioneering work ...Sadly....forgotten until attention was called to it by Richard Elphick*. Elphick se doktorsproefskrif<sup>46</sup> en sy later studie wat die saak verder gevoer het<sup>47</sup> het nuwe momentum gegee aan die studie van die Khoi se geskiedenis. Die Instituut vir Historiese Navorsing van die UWK het hom na sy stigting in 1976 al hoe meer op die geskiedenis van die Khoi en die slawe toegespits. Henry Bredekamp het veral belangrike pionierswerk gelewer. Daardeer is vergete kennis wat Le Roux verwoord het, opgeneem in 'n nuwe navorsingsbelangstelling.

Twee belangrike nuwe ontwikkelinge het hiermee saamgegaan. Eerstens 'n debat oor die identiteit van die Khoi en die San, en tweedens die toepassing van bepaalde hipotesisse eerder as narratiewe weergawes op die geskiedenis van die Khoi.

*The Oxford History of South Africa* wat in 1969 verskyn het, het twee nuwe benaminge ingevoer om die Hottentotte en die Boesmans te beskryf nl. Khoikhoi en San. 'n Vewarring oor naamgewing het ontstaan. Sommige het op suiwer taalkundige gronde en ander op sosiaal-antropologiese gronde name soos Koi, Khoi, Khoikhoi, Khoekoe, Khoe, San en Khoisan begin

- 
42. L.F. MAINGARD, *Koranna folktales: grammar and texts* (Witwatersrand UP, Johannesburg, 1962).
  43. G.S. NIENABER, *Khoekhoense stamname: 'n Voorlopige Verkenning* (Academica, Pretoria vir die RGN, 1989); *Hottentots* (Van Schaik, Pretoria, 1963); Saam met P.E. RAPER, *Toponymica Hottentotica*, 3 dele. RGN Naamkundereeks nommers 6, 7 en 10 (SA Naamkundesentrum, RGN, Pretoria, 1977).
  44. C. SAUNDERS, *Op. cit.* p. 119.
  45. H.J. LE ROUX, Die toestand, verspreiding en verbroekeling van die Hottentotstamme in Suid-Afrika, 1652-1713, (MA, US, 1945). Dat die Khoisan wel in navorsing aandag gekry het, word ook geïllustreer deur die studie van B.A. Liebenberg, Die Kaapse Hottentotte, 1795-1806, (MA, US, 1941). Die Departement Geskiedenis op Stellenbosch het in die jare veertig beoog om 'n aantal individuele studies oor die Khoisan aan te pak, maar net enkeles is suksesvol voltooi.
  46. Gepubliseer as *Khoikhoi and the founding of White South Africa* (Raven, Johannesburg, 1985).
  47. R. ELPHICK, *Kraal and Castle: Khoikhoi and the founding of white South Africa* (Yale UP, New Haven, 1977).

gebruik.<sup>48</sup> Dit het 'n heftige debat tot gevolg gehad oor die geldigheid van die benaminge. What's in a name?, het in hierdie geval inderdaad tot 'n nuwe debat oor die verskille in lewenswyse, bestaanswyse en kultuur van die Hottentotte en die Boesmans gelei. Op grond van die feit dat gemeenskaplikhede in hulle bestaanswyse en bepaalde taalkundige invloede die oorwig bo belangrike verskille begin kry het, is die Hottentotte en die Boesmans voortaan nie as twee afsonderlike identiteitsgroepe gesien nie, maar as een groep wat 'n ooreenstemmende bestaanswyse voer.<sup>49</sup> Kulturele manifestasies van identiteit is na 'n laer orde verskuif.

Elphick se hipotese is dat die verswakking en ondergang van die Khoisan reeds voor die botsings met die Kaapse owerhede begin het, en dat die siklus van agteruitgang 'n meedoënlose verloop geneem het waartoe die koloniale optrede wel 'n groot bydrae gelewer het, maar nie die uitsluitlike oorsaak van was nie. Le Roux se ontleding is met groter sofistikasie bekleed. Elphick beklemtoon dat uitroeiing (*genocide*) 'n onbillike enkelvoudige verklaring vir die ondergang van die onafhanklike Khoisangroepe is. Van die vyf prosesse wat vir die ondergang verantwoordelik was, was die verlies van hulle vee 'n meer kritiese faktor as die verlies van hulle grond.<sup>50</sup>

Hierdie hipotese is as 'n verkleining van Khoisanidentiteit beskou. Die reaksie van Yvette Abrahams toon die ontluikende nuwe belangstelling in Khoisanidentiteit in eie reg. Sy verwerp die moontlikheid om die Khoisan se geskiedenis op grond van bronne deur Europeërs geskryf te kan rekonstrueer of te kan verstaan.<sup>51</sup> Die poging om die ineenstorting van die Khoisansamelewing in terme van 'n teoretiese veronderstelling te verklaar, vind sy onaanvaarbaar. Geskiedenis gaan nie oor proses nie maar oor mense. *As the descendants of the Khoisan struggle to build a future, they deserve a better historiography, one which is both methodologically sound and free of stereotypes...Kraal and Castle places new labels on old concepts. And..many of its theories are in fact restatements of colonial stereotypes.* Die Khoi se pastorale bestaanswyse het nie die San verower, onderwerp en geïnkorporeer

---

48. H.C. BREDEKAMP, "Die Khoisan en vakterminologie na *The Oxford History of South Africa*: 'n Historiografiese Dilemma" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 25/1991, pp. 61-76.

49. Die komplikasies en implikasies van die hersiening vir identiteit word weerspieël in die debat tussen Richard Elphick en Anna Boëseken in *Cabo* 1/1 Augustus 1972, pp.5-10; 2/2 Januarie 1974, pp3-10; 2/3 November 1975, pp. 16-18 en word vandag nog nie in sekere kringe aanvaar nie.

50. R. ELPHICK, *Khoikhoi and the founding of white South Africa*, pp. 236-238.

51. Sien haar MA-tesis *Resistance, Pacification and Consciousness: A Discussion of the Historiography of Khoisan Resistance from 1973—1993* (Queens University, 1994).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

nie, soos Elphick te kenne wil gee nie. Die Khoi se pastoralisme het vanweë hulle begaafdheid en deelneming (*gains, gift and sharing*) en nie deur *conquest and clientage* die San se jagter-versamelaar bestaan vervang.

The idea that pastoralist first stole the hunters' land and then magnanimously offered the dispossessed a chance to work for them was of course a reflection of what, according to Elphick, subsequently happened under colonialism! To argue that this occurred prior to colonialism is not only methodically unsound, it also creates a narrative which reduces the enormity of the impact of colonialism on the Khoisan. Hierdie collapse...[is] perpetuating colonial mythology and fulfilling the purpose for which that mythology was built up: to incorporate assumptions which hinder any effort to write a liberatory history.<sup>52</sup>

Oor die afgelope twee tot drie dekades is dit veral pogings om 'n Khoi-identiteit uit die karige gegewens oor persoonlikhede, wat in tot dusver min gebruikte bronne beskikbaar is, te ontwikkel, wat die aandag van historici geniet. Landdrosargiewe, sendingbronne en misdaadrekords word vernuftig aangewend om 'n rekonstruksie van die lewe van individue te maak. In dié proses is 'n soortgelyke neiging tot romantisering te bespeur as wat in die Afrikaanse geskiedskrywing oor mense soos Hendrik Bibault, Adam Tas, Olof Bergh en andere voorgekom het. Dié individue word as prototipes, as leiers en as versetspersone uitgebeeld. Jan Parel word as die prototipe van 'n rewolusionêr voorgestel.<sup>53</sup> Dawid Stuurman as die magtelose slagoffer van koloniale mag<sup>54</sup> en Cupido Kakkerlak as 'n ongewaardeerde pionier van 'n nuwe Christelike lewenswyse.<sup>55</sup>

Opvallend is die wyse waarop studies oor die rol van vroue en die skep van 'n geslagsidentiteit saamgaan met hierdie strewe na die herskepping van 'n Khoi-identiteit. Die groot openbare aandag wat die terugkeer van die oorblyfsels van Saartjie Baartman vroeër vanjaar geniet het, illustreer hierdie punt. Hoewel sy histories onbelangrik en kultureel onvertegenwoordigend is, is haar terugkeer as 'n simboliese erkenning<sup>56</sup> van die historiese rol van die

- 
52. Y. ABRAHAMS, 'Take me to your leaders': A critique of Kraal and Castle (*Kronos*, 22, November 1995, pp. 22, 24 en 32).
  53. R. VILJOEN, "'Revelation of a Revolution.' The prophecies of Jan Parel, alias Onse Liewe Heer. a Khoisan prophet and Cape rebel" in *Kronos* 21, November 1994, pp. 3-15.
  54. V.C. MALHERBE, "Dawid Stuurman: Last Chief of the Hottentots" in *African Studies* 39/1980, pp. 47-64.
  55. V.C. MALHERBE, "The Life and Times of Cupido Kakkerlak" in *Journal of African History* 20/3/1979, pp. 365-378.
  56. Y. ABRAHAMS, Disempowered to Consent: Sara Bartman and Khoisan Slavery in the Nineteenth Century Cape Colony and Britain in *South African Historical Journal* 35, November 1996, pp. 89-114.



Khoi as onderdrukte en miskende aangebied. Die twis tussen verskillende aanspraakmakers op dié Khoi erfenis, het eerder die betekenis van ‘n manifestasie as die weerspieëling van ‘n histories-getroue uitbeelding verteenwoordig. Krotoä of Eva is weer ‘n voorbeeld van hoe ‘n persoon met dieselfde twyfelagtige gedragsrekord as Hendrik Bibault, as verteenwoordigend van die gemarginaliseerde vrou en Khoi/slaaf in die Kaapse samelewing toegelig word.<sup>57</sup> Die moederlike rol wat in Afrikaanse studies aan Maria van Riebeeck toegeken is, word in die Khoi-geskiedenis aan persone soos die onbekende Lena van Genadendal toegeken.<sup>58</sup> Soos met die *Alltagsgeschichte* in Europa die geval was, moet hierdie studies van “gewone” mense dien as bevestiging van die sentrale rol wat die Khoi in die Suid-Afrikaanse geskiedenis inneem en wat hulle tot dusver ontsê is.

Die verset teen koloniale uitbreiding en gesag word ook as die begin van ‘n vryheidstryd gesien.<sup>59</sup> Jan Parel is ‘n geval wat interessante vergelyking met Hendrik Bibault suggereer. Hy was geen egte Khoi nie, maar van gemengde afkoms, Hollandsprekend en iemand wat die Christelike geloof aanvaar het. Hy het gepoog om onder die Khoi en slawe in die distrik Swellendam verset teen die landdros en die koloniale gesag te organiseer. Die slawe het sy leierskap nie aanvaar nie. Is Jan Parel die prototipe van die Khoi-vryheidsvegter of is hy ‘n ontevrede en miskien verstore burger wat ‘n ander lewenswyse as die koloniste gevolg het?<sup>60</sup>

Die nuwe soeke na ‘n eie identiteit vir die Khoisan wat in die geskiedskrywing aangetref word, kom ook in die openbare lewe tot uitdrukking. Die Khoisanbeweging streef daarna om die Khoisan status en identiteit te herstel en die Khoisantale en die Khoisankulture weer tot ‘n deel van die Suid-Afrikaanse historiese erfenis te maak. Die Suid-Afrikaanse grondwet, wat vir die erkenning van tradisionele owerhede voorsiening maak en daaraan ‘n bepaalde status toeken, is ‘n belangrike faktor in hierdie ontwikkeling. Die linguisties-antropologiese belangstelling in die

---

57. J.C. WELLS, “Eva’s men: gender and power in the establishment of the Cape of Good Hope, 1652-1674” in *Journal of African History*, 39/1998, pp. 417-437); C. COETZEE, “Krotoä remembered: a mother of unity, a mother of sorrows” in S. NUTTALL en C. COETZEE (reds), *Negotiating the past: The making of memory in South Africa*, Oxford UP, Kaapstad, 1998); VC MALHERBE, *Krotoa called Eva: A Woman between* (Centre for African Studies, UCT, 1990).

58. H.C. BREDEKAMP, ‘Vehettge Tikkive’, alias Moeder Lena van Genadendal, 1739-1800 (*Kwartaallikse Bulletin van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 41/4, Junie 1987).

59. S. MARKS, “Khoisan Resistance to the Dutch in the seventeenth and eighteenth centuries” in *Journal of African History* XIII/1/1972, pp. 55-80.

60. Met erkenning aan die nog onvoltooide doktrale proefskrif van Russel Viljoen aan die Universiteit van Leiden.

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

Khoisantale in veral Duitsland verleen ook hieraan steun. ‘n Aantal konferensies oor Khoisanidentiteit is reeds gehou. Die eerste was in 1994 in Duitsland, maar het in Suid-Afrika min impak gehad omdat dit deur buitelanders en linguïste oorheers is. In 1997 is die *Khoisan Identities and Cultural Heritage Conference*<sup>61</sup> by die Universiteit van Wes-Kaapland aangebied wat volgens Robert Ross deur aktivistiese eise en botsende aansprake oorheers is: *more people claiming to be chiefs than to be Khoikhoi commoners. The possibility of claiming status as indigeneous peoples, with considerable resulting advantages, has clearly galvanised many minds, although to my mind it is unclear why Khoikhoi in South Africa can claim this, and the Xhosa and Zulu for instance, not. I would not care to predict where this would lead in the tortuous cultural politics of the New South Africa.*<sup>62</sup> Kan dit wees dat Stanley Trapido se omstrede artikel oor “Hottentot Nationalism”<sup>63</sup> die regte ding oor die verkeerde tydperk in die geskiedenis gesê het?

Dit is moeilik om op hierdie stadium te weet wat in die Nuwe Soeke na Khoisanidentiteit die grootste rol speel: ‘n egte historiese en kulturele belangstelling of ‘n aktivistiese belang. Op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in 2001 is die indruk gewek dat ‘n kulturele ontwaking die sentrale dryfveer is,<sup>64</sup> maar ander aktiwiteite dui daarop dat Ross reg kan wees in sy oordeel dat die strewe na ‘n grondwetlike status en saamgaande posisies dalk die oorheersende faktor kan wees.<sup>65</sup>

In hoe ‘n mate die poging om ‘n gemeenskaplike Khoisanidentiteit in die voor-koloniale geskiedenis en in die Kompanjiestyd te ontwikkel geslaagd is, is op hierdie stadium nog baie onduidelik. Die rekonstruksie van die Khoi-

---

61. A. BANKS (red.), *The Proceedings of the Khoisan Identities and Cultural Heritage Conference* (UWK, 1998).

62. R. ROSS se verslag oor die konferensie in *Kronos* 24/1997, pp. 154-155.

63. S. TRAPIDO, *The Emergence of Liberalism and the Making of “Hottentot Nationalism”, 1815-1834. Societies of Southern Africa. Collected Seminar Papers of the Institute of Commonwealth Studies*, Universiteit van Londen, 1992, pp. 34-60.

64. Sien die dokument *Nasionale Khoisan Raadplegende Konferensie, Oudshoorn, 29 Maart tot 1 April 2001*. Uitgegee deur die Instituut vir Historiese Navorsing UWK, 2001.

65. Sien *Die Burger*, 20.12.2001, p. 8 asook die verslag oor vergaderings oor identiteit wat in die Wes-Kaap gehou is waarna in voetnoot 62 verwys word.

samelewing word gebou om die skepping van stamhoofskappe.<sup>66</sup> Die San word kultureel afsonderlik van die Khoi georganiseer met die San Diaspora wat daarop aanspraak maak dat hy die hoofvereniging van die San groepe in die land is.<sup>67</sup> Die San, en veral Sanrotstekeninge, het 'n toerisme bron geword en is tans hoog op die bewaringslys van die Erfenis Trust in Suid-Afrika. Die glanspublikasie van Pippa Skotnes is 'n mooi illustrasie van Westerse intellektuele pogings om die Sankultuur te rekonstrueer.<sup>68</sup>

### 2.3 Die slawe

Die jare tagtig het 'n ongekende oplewing in belangstelling in die geskiedenis van slawerny aan die Kaap getoon. Dit was die resultaat van twee belangrike faktore. Eerstens, die belangstelling in die geskiedenis van die identiteit en rol van die bruinmense in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gestimuleer deur die navorsingsaktiwiteite van die IHN. Tweedens, die stimulering van Amerikaanse navorsing oor slawerny in die Suide van die VSA en 'n reeks nuwe en radikale interpretasies van die geskiedenis van Amerikaanse slawerny. Amerikaanse idees en modelle is toenemend op die Kaapse omstandighede oorgedra. Die klem het egter sterker op die tydperk ná die Britse permanente verowering van die Kaap geval as op die Kompanjiestyd. Die nuwe studies het in belangrike opsigte ingrypend van die vroeë studies van Blommaert,<sup>69</sup> Edwards,<sup>70</sup> Latsky,<sup>71</sup> Joubert,<sup>72</sup> Hengherr,<sup>73</sup> Liebenberg<sup>74</sup> en

---

66. Die uiters gekompliseerde verhouding tussen die aansprake van Griekwas en ander stamgroepe, het nog nie enige helderheid gebring oor die vraag in hoe 'n mate die herskepping van identiteit slaag nie. Sien *Die Burger*, 15 Junie 2000, p.11 en 20 Desember 2001, p. 8.

67. *Die Burger*, 1Maart 2000, p.2.

68. P. SKOTNES (red.), *Miscast. Negotiating the Presence of the Bushmen* (UCT Press, Kaapstad, 1996). Oor die vraag of Westerlinge die San-kultuur en geskiedenis kan rekonstrueer en vertolk sien ook J. Wright, San History and non-San historians kyk *The Societies of Southern Africa in the Nineteenth and Twentieth Centuries. Collected Seminar Papers of the Institute of Commonwealth Studies*, 1X/1979.

69. W.A. BLOMMAERT, *Het invoeren van de slavernij aan de Kaap in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 1/1938.

70. I.E. EDWARDS, *Towards emancipation: a study in South African slavery* (Cardiff, 1942).

71. M. LATSKY, *Slawe-wetgewing aan die Kaap (1806-1834)*, (MA, US, 1943).

72. D.C. JOUBERT, *Die slawe-opstand van 1808 in die Koe-Tygerberg en Swartlanddistrikte* (MA, Unisa, 1946).

73. E.C.W. HENGHER, *Emancipation - and after: a study of Cape slavery and the issues arising from it, 1830-1843* (MA, UK, 1953).

74. B.J. LIEBENBERG, *Die vrystelling van die slawe in die Kaapkolonie en die implikasies daarvan*, (MA, UOVS, 1959).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

De Kock<sup>75</sup> verskil. Dié vroeë studies het die beleid teenoor en die rol van die slawe uit die koloniale oogpunt beskryf en nie na die slawe se eie belewing of hulle sosiale omstandighede binne die koloniale strukture en stratifikasies gekyk nie. Sake soos die pryse van slawe, doop, huwelike, vermenging, kinders en die metodes van beheer oor en gebruik van die slawe, het weinig aandag geniet. Die feit dat daar aan die Kaap, anders as in die Suide van die VSA, feitlik geen nagelate bronne van slawe self is nie, het hierdie soort studie moeilik gemaak. Die Akteskantoor se registrasie van eiendomstransaksies en die kriminele rekords was die vernaamste bronne wat gebruik kon word vir statistiese ontledings. Anna Boëseken het ondersoek in hierdie moeilike bronne begin met haar publikasie oor koop- en verkooptransaksies van slawe en slawe wat met verloop van tyd vrygestel is.<sup>76</sup> Hoewel sy nie oor gesofistikeerde rekenaartegniese beskik het nie, het 'n legkaart oor die slawe se posisie in die samelewing begin ontwikkel. Hattingh het die werk voortgesit en verbeter en heelwat nuwe inligting oor die ekonomiese sy van slawerny, eiendomsbesit, doop- en huwelikstoestande die lig laat sien. Heese het die aandag weer gevestig op die sosiale interaksie tussen slawe en hulle eienaars en die vryswartes aan die Kaap. Daardeur is 'n nuwe beeld van die kompleksiteit van die sosiale groeperinge wat deur slawerny geskep is, na vore gebring.

In die jare tagtig het aandag verskuif na die beheerstrukture oor slawe, weerstand deur die slawe by wyse van opstande maar veral drostery, die invloed van geleidelike emansipasie op die samelewing, die ekonomiese waarde en betekenis van slawerny en veral die vraag watter uitwerking slawerny op die mentaliteit van die slawebesitters, en dus die koloniale samelewing, gehad het. In die tydperk van die hoogbloei van die radikalistiese klasse-interpretasies van die geskiedenis het 'n studie van slawerny die geleentheid gebied om 'n ander blik op klasvorming in Suid-Afrika te ontwikkel. Die klasse-interpretasie se totale toespitsing op die Rand, industrialisering en arbeidsprobleme op die goudmyne, het geïmpliseer dat die Kaapse samelewing en geskiedenis net 'n systroom van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is. Deur die studie van slawerny is nou gepoog om te bepaal in hoe 'n mate slawerny die rasse-vooroordeel van koloniste gevorm het en dus die apartheidsbeleid kon verklaar en in hoeverre slawerny tot die skep van 'n samelewingstruktuur soortgelyk aan die Europese grondhere (*gentry*) en Amerikaanse groot plantasie-eienaars gelei het. Die meeste van

---

75. V. DE KOCK, *Those in bondage: an account of the life of a slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company* (Pretoria, 1963).

76. A. BOËSEKEN, *Slaves and Free Blacks at the Cape, 1658-1700*, (Tafelberg, Kaapstad, 1977).

hierdie studies was toegespits op die tydperk ná 1806. 'n Aantal studies oor slawe in die Kompanjietyd het die aandag gevestig op kenmerke van die slawebesittende gemeenskap wat vir die identiteitskwessie aan die Kaap van besondere belang is.

In die Afrikaanse literatuur het Dalene Matthee<sup>77</sup> en Karel Schoeman<sup>78</sup> met hulle historiese romans gebaseer op werklike navorsing, die klem op die individuele ervaring, op die menswees van die enkeling, eerder as op formasies gevestig. Daarmee het die narratiewe vorm as middel tot egte verstaan van menslike bewussyn en ervaring nuwe betekenis gekry.

Geweld het 'n belangrike rol gespeel in die beheer oor slawe en het sy stempel op die samelewing afgedruk. Nigel Worden stel dit so: *a picture emerges of a social structure on Cape farmsteads in which the tensions of coercive labour system burst frequently into the open and in which the nature of the slave control mechanism and the limits of the expression of slave resistance, engendered an extremely violent environment.*<sup>79</sup> Waarom was daar dan nie veel meer slawe-opstande aan die Kaap nie en waarom is nie veel meer slawe-eienaars aangerand of vermoor nie? Robert Ross verklaar dit op grond van die onvermoë van Kaapse slawe om hulleself as 'n groep te organiseer en tot verset oor te gaan. Die feit dat die slawe uit 'n diverse groep mense uit verskillende wêrelddele bestaan het, het beteken dat daar geen kohesie of groepsgevoel onder hulle kon ontwikkel nie.<sup>80</sup> Sy aanvanklike standpunt dat die slawe geen vorm van 'n klassebewussyn ontwikkel het nie, het hy in 1999 hersien en erken dat daar in Kaapstad na 1800 'n klasse-substruktuur onder slawe ontwikkel het.<sup>81</sup>

Teen 1795 is die slawe se posisie deur hulle status eerder as deur hulle klas of etnisiteit bepaal. Volgens Robert Shell het hulle in vergelyking met die Khoi in 'n besonder patriargale en familiale verhouding met hulle eienaars verkeer wat by hulle 'n bepaalde lojaliteit en berusting geskep het, wat 'n versetgees teengewerk het. Dit is interpersoonlike verhoudinge in die huishouding en nie 'n klassebewussyn of die grenservaring wat houdings en gesindhede tussen

---

77. D. MATTHEE, *Pieterella van die Kaap* (Tafelberg, Kaapstad, 2000).

78. K. SCHOEMAN, *Armosyn van die Kaap*, twee dele (Human & Rousseau, Kaapstad, 2001 en 2002).

79. N. WORDEN, "Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the eighteenth century" in *Kronos*, 5/1982, p. 60.

80. R. ROSS, *Cape of Torments. Slavery and Resistance in South Africa*, pp. 5 en 17 (Routledge & Kegan Paul, Londen, 1983).

81. R. ROSS, *Status and respectability in the Cape Colony, 1750-1870. A Tragedy of Manners*, (Cambridge UP, 1999).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

koloniste en gekleurde inwoners bepaal het, is Shell se bevinding.<sup>82</sup> Hoewel ras 'n rol gespeel het aan die Kaap, was dit nie die dominerende faktor nie. Eers toe ras die maklikste faktor geword het om slawe te onderskei, het dit 'n meer prominente rol begin speel. *Identity at the Cape was based not on race as such – at least not to begin with – but on descent..derived...from the family.*<sup>83</sup> Slawerny se belangrike bydrae tot identiteitsontwikkeling in Suid-Afrika is geleë in die wyse waarop dit mense van verskillende kulture bymekaar uitbring het. Daardeur het hulle 'n erfenis nagelaat, 'n *as yet unexamined creole culture..with its new cuisine, its new architecture, its new music, its melodious, forthright and poetic language Afrikaans.*<sup>84</sup> Shell voltooi die sirkel. Ons is terug by die vraag na die ontstaan van 'n Afrikaner/Afrikaanse identiteit aan die Kaap teen die einde van die Kompanjiestyd.

Ander navorsers is skepties oor hierdie verbande wat Shell lê. Norman Etherington vind dit 'n oorvereenvoudiging. Wat Shell doen is om 'n *etiquette of race relations* te ontwikkel wat min met die werklikhede van die magsverhoudinge te doen het.<sup>85</sup> Robert Ross<sup>86</sup> wys daarop dat die patriargale en paternalistiese verklarings onvoldoende is om die verhouding eienaar-slaaf aan die Kaap te verklaar. Shell se verklaring is juis daarom te veel op die onaanvaarbare toepassing van die Amerikaanse slawe-ervaring gebaseer en maak nie voorsiening vir die belangrike taalkundige onderskeid tussen die betekenis van die woorde familie en gesin nie. Die feit dat kriminele rekords gebruik word om die slawe se sosiale verhoudinge te beskryf, beteken dat 'n skeefgetrekte beeld ontwikkel word. Misdaadrekords reflekteer die abnormale in 'n samelewing en help nie om te verstaan hoe dinge normaalweg in 'n samelewing van wetsgehoorsame en rustige onderdane verloop het nie.

Wat het oorgebly van die slawe-identiteit? Is daar vandag nog 'n bewustheid van 'n slawe-herkoms en wil mense hulle graag soos die Khoisan met 'n slawe-erfenis verbind? Volgens 'n ondersoek deur navorsers aan die Universiteit van Kaapstad is daar min mense wat enige direkte herinnering aan of verbintenis met hulle slawe-voorouers ervaar. 'n Ondersoek in

---

82. R. SHELL, *Children of Bondage: a social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838* (Witwatersrand UP, Johannesburg, 1994), pp. 395 en 414.

83. *Ibid*, p. XXXV1.

84. *Ibid.*, p. 415.

85. In *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 34/1996, pp. 303-308.

86. R. ROSS, "Paternalism, Patriarchy and Afrikaans" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 32/1995, pp. 34-47.

Mamre<sup>87</sup> het byvoorbeeld getoon dat die herinnering aan hulle Morawiese Christenouers by hulle veel sterker bestaan as enige ander identiteitsbewustheid. Die vrystelling van die slawe is byvoorbeeld nog in die begin van die twintigste eeu by The Stone in Kaapstad herdenk.<sup>88</sup> Die herdenking in 1934 het min steun geniet.

## 2.4 Die identiteit van die vry gemengde bevolking

Dit is die Britse bewind aan die Kaap wat die benaming *coloured* ingeburger het vir die vry gemengde bevolking van 'n besondere diverse samelewing wat aan die begin van die neëntiende eeu aan die Kaap bestaan het. Dit is in Afrikaans vertaal as kleurlinge en het Kleurlinge geword omdat dit toe as naamgewing van 'n bepaalde etniese groep beskou is. In die Kompanjiestyd was daar 'n verskeidenheid name om na hierdie mense te verwys: vryswartes, halfslag, mestico, castico.<sup>89</sup>

Terwyl die Khoi, die San en die slawe heelwat aandag in die geskiedskrywing gekry het omdat hulle duidelik identifiseerbare groepe gevorm het, was dit met hierdie groep anders gesteld. Dit is in werklikheid eers ná 1828 dat hulle as groep aandag begin geniet het. In die Kompanjiestyd het hulle uit so 'n verskeidenheid bestaan dat daar moeilik 'n eie klassifikasie vir hulle moontlik was. Die jongste navorsing toon dan ook hoedat die groep mense in verskillende sosiale groeperinge beweeg het. Sommige wat van gemengde afkoms is, is in die Nederlandse blanke gemeenskap opgeneem ander het as kleiner groepe bestaan en die status van elke groep is bepaal deur die mate waarin hulle grondbesitters was, ambagte beoefen het, gedoop was en in christelike gemeentes opgeneem is of as arbeiders in Kaapstad of op die plase werksaam was.<sup>90</sup> In Macmillan se vroeë studie (1927)<sup>91</sup> word weinig oor die

---

87. K. WARD, "Links in the Chain: Community, Identity & Migration in Mamre, c. 1838-1938" in N. WORDEN EN C. CRAIS, *Breaking the Chains. Slavery and its Legacy in the Nineteenth-Century Cape Colony*, (Witwatersrand UP, Johannesburg, 1994), pp.313-333. Vergelyk ook K. WARD EN N. WORDEN, "Commemorating, suppressing and invoking Cape slavery" in S. NUTTALL EN C. COETZEE (reds), *Negotiating the past*, pp. 201-217.

88. V. BICKFORD-SMITH, Meanings of Freedom: Social Position & Identity Among Ex-Slaves & Their Descendants in Cape Town, 1875-1910 in S. NUTTALL EN C. COETZEE (reds), *Negotiating the past*, pp. 289-312.

89. H.F. HEESE, *Groep sonder grense*, p. 27 (IHN, UWK, 1984).

90. Naas die studies van Heese waarna reeds verwys is, ook Richard Elphick en Robert Shell, *Onderlinge verhoudings: Khoikhoi, nedersetters, slawe en vryswartes, 1652-1795* ( in H. GILIOMEE EN R. ELPHICK (reds.), *'n Samelewing in Wording, 1652-1840* (Tweede uitgawe. Maskew Miller Longman, Johannesburg, 1992).

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

Kompanjies tyd gesê en is dit die posisie ná 1828 wat al die aandag kry. Sy aandag is gerig op dié gemeenskap as 'n probleem vir beleid. Dit is gemik op die politieke probleme van die dag en het nie ten doel om 'n sosiale beeld van die groep as mense te skep nie. Vanweë die eensydighede in hierdie studie het J.S. Marais later (1939) gepoog om 'n meer volledige beeld te skep oor die oorsprong van die groep uit die vermenging van vryswartes, slawe, Khoi en koloniste. Sy studie is eerder op 'n beskrywing van die mense as op beleid gemik. Wanneer hy die vier elemente behandel waaruit die groep ontstaan het, wys hy daarop dat dit nie moontlik is om die bydrae van die onderskeie elemente te bepaal nie, maar dat die slawe en Khoi-elemente verreweg die oorheersende is.<sup>92</sup> G.C. de Wet<sup>93</sup> en Anna Boëseken<sup>94</sup> is die eerste om vir die Kompanjies tyd statistiese tabelle te ontwikkel om 'n duideliker beeld te skep van wie en wat die vryswart bevolking in die vroeë jare van die Kompanjies bewind was.

Die groot waarde van die nuwe studies sedert die jare tagtig is geleë in die gedetailleerde statistiese rekords van doop, huwelike, sterftes, arbeidsverdeling, grondbesit, eiendomsbesit ens. Dit skep 'n duideliker beeld van die mate waarin interaksie en akkulturasie teen 1795 besig was nuwe groepe te vorm. Dit bring 'n besonder gevarieërde beeld navore van streeks- en kultuurverskille. Die karakter van die Kaapse samelewing en die mate waarin hierdie groepe in die stad 'n eie identiteit vertoon het, het aansienlik verskil van die graan- en wyndistrikte, van die Suid-Kaap en van die posisie in die grensdistrikte. Diegene wat onderskeidelik die Christendom en die Islamgeloof aangeneem het, het 'n veel sterker religieuse karakter begin vertoon teen 1795 – 'n aspek wat na 1800 met die verintensivering van sendingwerk deur Christelike sendinggenootskappe en werwing deur die Islam 'n nuwe dinamika in die proses van akkulturasie sou bring.

Die konsep van 'n oop gemeenskap waar sosiale beweeglikheid en integrerende faktore redelik outonoom kon funksioneer, het na 1730 begin verander namate die groter getalle slawe en gemengde bevolking hulle as 'n potensiële magsfaktor getoon het. Die Kompanjie en die Kaapse gevestigde burgerbevolking het begin om die vrye vloei van inskakeling en amalgamsie te verlangsaam en uiteindelik het die ontwikkeling van beroepstatus, sosiale,

---

91. W.M. MACMILLAN, *The Cape Colour Question*.

92. J.S. MARAIS, *The Cape Coloured People*, p. 31 (Witwatersrand UP, Johannesburg, 1939).

93. G.C. DE WET, *Die vry bevolking in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707* (D. Phil., US, 1978).

94. A. BOESEKEN, *Free Blacks at the Cape* (Ongepubliseerde referaat).



etniese, en geslagsverdelings 'n duidelike gestratifiseerde samelewing geskep. Die rasseverdeling het teen 1795 nog geen oorheersende rol gespeel nie, maar het bepaalde manifestasies aangeneem wat nie maklik sou verander nie.

Die gemengde bevolking se potensiaal om teen die einde van die Kompanjies tyd 'n eie identiteit te ontwikkel, was meer beperk as die moontlikheid van Nederlandse koloniste om 'n Afrikaneridentiteit te ontwikkel. Verskeie faktore was daarvoor verantwoordelik: die gebrek aan genoegsaam bindende faktore, die afwesigheid van 'n gemeenskapsgevoel en enige kohesie ten spyte van die pogings om hulle as 'n klasse-identiteit te klassifiseer en die gebrek aan leierskap en 'n politiek of sosio-kulturele bewussyn. Hulle het in terme van hulle eie ervaring 'n marginale kulturele plek beklee. Nóg die ontwikkelende Afrikaneridentiteitsideaal van die laat neëntiende eeu nóg die Brits-imperiale of Victoriaanse etos en mentaliteit het hulle werklik opgeneem. Dit is dan ook opvallend hoe dat studies oor die groep uit eie gelede sterk op die periode ná Uniewording, maar veral ná 1948, konsentreer. Een van die probleme waarmee die historiograaf rekening moet hou, is dit die sensitiwiteit om juis as groep uitgeken te word.<sup>95</sup> Die geweldige interne gespletenheid en spanning oor identiteit in eie gelede blyk duidelik uit Adam Small se uitspraak dat hy moeg is vir voorstellings van die geskiedenis soos dié van Du Preez wat *die bruinmense uitmaak as 'n klomp slapgatte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Dit is 'n vals beelding en hy dring daarop aan dat dit vervang moet word met oorwoë studies oor hulle rol in die arbeid en ekonomie en *die enorme* [Small se klem] *kulturele bydrae van hierdie mense wat die karakter van hierdie land betref*.<sup>96</sup>

Die wyse waarop hedendaagse taalkundige en letterkundige navorsing hulle rol in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal duideliker identifiseer en artikuleer is een aspek van 'n vernuwende navorsing oor hulle kulturele rol.<sup>97</sup> In hoe 'n mate die historiese ervaring van die Kompanjies tyd, eerder as die geskiedenis sedert 1828, 'n integrale deel van 'n nuwe denke oor identiteit gaan of kan meebring, is op hierdie stadium moeilik om te bepaal. Navorsing wat tans aan die gang is oor die sosiale posisie van plaaswerkers in die Kaapse wyn- en koringdistrikte en oor die mondelinge tradisies en

---

95. Sien R.H. DU PRÉ, *Separate but unequal. The 'Coloured' People of South Africa – A Political History*, (Jonathan Ball, Johannesburg, 1994) in besonder pp. X111-XV1 en 12-13. Vgl. R. VAN DER ROSS, *The myth of Coloured identity in sy boek Myths and Attitudes. An Inside look at the Coloured people* (Tafelberg, Kaapstad, 1979).

96. *Insig*, Oktober 1994, p. 4.

97. H. WILLEMSE, 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke (in Hennie van Coller (red.), *Perspektief en Profiel*, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1999), deel 2, pp. 3-20.

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

volksoorlewinge van die plattelandse en stadswerkers, kan interessante nuwe gesigspunte na vore bring. In hoe 'n mate dit 'n historiese dimensie aan 'n eie identiteitsbewussyn sal verleen, is uiters moeilik om te bepaal. RGN ondersoek<sup>98</sup> na identiteit onder die Kaapse bruinmense het 'n duidelike verdeling aan die lig gebring sodat die ondersoekers praat van die "krisis van Kleurlingidentiteit". Op die konferensie oor nasionale eenheid en die beleid van diversiteit wat in 1995 by UWK gehou is, het drie gesigspunte oor die saak navore gekom. Diegene wat strewe na 'n dekonstruksie van die idee om 'n kleurling te wees en wat ook die idee om as swartes (Blacks) of swart Afrikane getipeer te word, verwerp. Tweedens diegene wat die term kleurling wil herwin want daar is geen politieke konnotasie aan verbonde nie. Hulle verwerp met ander woorde die gedagte dat die benaming kleurling 'n politieke skepping is. Die derde groep wil juis deur politisering en deur politieke aksies 'n eie Khoisanidentiteit herwin. Dit is uit hierdie geleedere dat bewegings soos die Kleurling Weerstandsbeweging en die 1 Desember Beweging (die datum van die vrystelling van die slawe)<sup>99</sup> en die Bolandia Groep ontwikkel het.

## 2.5 Die Moslems

Vanweë hulle duidelik godsdienstige identiteit is die Moslems 'n maklik uitkenbare groep in die Kaapse geskiedenis. Die feit dat daar in die eerste honderdjaar van die Kompanjies tyd geen godsdienstryheid bestaan het nie, het dus beteken dat die Moslem bannelinge en slawe uit die Ooste wat die Islamgeloof nagevolg het, hulleself nie godsdienstig kon organiseer nie. Terwyl die moontlikheid dat die Islamgeloof in die geheim beoefen is en daar 'n klein ondergrondse netwerk bestaan het, nie uit die oog verloor kan word nie, is daar geen dokumentêre getuienis om dit te bevestig nie. Die georganiseerde Moslem godsdiensgemeenskap begin eers in 1755 toe Tuan Said, 'n politieke gevangene uit Jemen, die eerste amptelike gebedsleier aan

---

98. N. RAVJEE, Workshop summary. Workshop on the Reconstruction of Identity in the Western Cape (RGN, Kaapstad, 1997); R. PRINSLOO, B. PICKEL, J. LEVER, W. VAN VUUREN, Identity and Community in the Western Cape. Coloured Identity and Political Processes – A Pilot Study. (Referaat op die International Conference on National Identity and Democracy (Universiteit Kaapstad, 1997); R. PRINSLOO en C. DE LA REY, Processes of reshaping, reclaiming and renegotiating identity in South Africa in S. BEKKER en R. PRINSLOO, *Identity? Theory, Politics, History* (RGN, Pretoria, 1999).

99. C. HENDRICKS, Creating, Consolidating, Contesting, and Renegotiating Coloured Identity. (Referaat by die *Workshop on the Politics of Identity Reconstruction in the Western Cape*).

die Kaap geword het. In 1780 het Tuan Guru, 'n Tidoorse prins van Ternate, die eerste Shafii teologiese skool aan die Kaap gevestig.<sup>100</sup> Die Moslems het egter in die Kompanjiestyd 'n klein en verdeelde groep gebly. Die gebrek aan leierskap en die groot sosiale afstande tussen verskillende Moslemgroepe was hiervoor verantwoordelik. Die status van politieke bannelinge uit die Ooste wat 'n koninklike en aristokratiese status gehad het, die vryswartes wat handelaars en ambagsmanne was en die talle slawe wat uit die Ooste afkomstig was, was net te groot. Sommige Moslems was as vryswartes die besitters van slawe.<sup>101</sup>

Die stigting van die Dorpstraat Madrassah in 1793 en die ontwikkeling van 'n moskee en 'n skool, het 'n sentrum vir die ontwikkeling van nie net die godsdiens nie, maar 'n eie identiteit gevestig. Die snelle uitbreiding van die aantal Moslems aan die Kaap weens die groot aantal slawe wat die geloof aangeneem het, het aan 'n eie Moslemidentiteit meer betekenis gegee. Dit het by baie Christelike kerke aan die Kaap in die neëntiende eeu groot kommer gewek en is onder andere gebruik as een van die argumente vir die vrystelling van die slawe. As hulle vrygestel word, sal die Christendom van sy negatiewe assosiasie met slawerny bevry wees en sou hulle veel meer aanhangers uit daardie geleedere kon trek.<sup>102</sup>

Die bestaan van 'n Moslemidentiteit is dus onafhanklik van die verloop van gebeure in die Kompanjiestyd. Die vermoë om hulle identiteit te ontwikkel en te bewaar het behoue gebly. Daarom dat 'n woongebied soos die Bo-Kaap met sy duidelike Nederlandse karakter 'n fisiese band met die Kompanjiestyd skep. Die belangstelling in die Moslemkultuur het ook in ander opsigte neerslag gevind. Die Afrikaanse skrywers I.D. du Plessis en Louis Leipoldt het veel gedoen om aspekte van dié kultuurlewe bekend te stel terwyl Frank Bradlow ook waardevolle bydraes gelewer het om 'n begrip vir hulle kulturele identiteit te ontwikkel. Achmat Davids se studies om die verband tussen onderrig in die Islamleer deur medium van Afrikaans as vroeë uiting van Afrikaans onder die aandag te bring, het weer die wedersydse kulturele kontak en beïnvloeding onder die aandag gebring. Die Moslem Renaissance wat sedert die konferensie in Mekka in 1975 dateer, het ook in die lande waar Moslems minderheidsgroepe vorm, 'n herlewing van belangstelling in hulle historiese identiteit en erfenis tot gevolg gehad.

---

100. A. DAVIDS, *The Mosques of the Bo-Kaap. A social history of Islam at the Cape* (The South African Institute of Arabic and Islamic Research, Kaapstad, 1980).

101. A. DAVIDS, *Imams and Conflict Resolution Practises among Cape Muslims in the nineteenth century* in *Kronos*, 22/November 1995, pp. 56-58.

102. Sien P.H. KAPP, Dr John Philip, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 1985(2), (Staatsdrukker, Pretoria, 1985), p. 67.

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

### **3. Selfuitdrukking of eietydse projeksies?**

Die betekenis van die Kompanjiestyd vir die ontwikkeling van identiteitsbewussyn aan die Kaap lewer 'n aantal interessante aansprake op.

- Die aanspraak dat daar teen die einde van die Kompanjiestyd 'n eie Afrikaneridentiteit ontwikkel het.
  - Dié aanspraak is op 'n geselekteerde aantal historiese studies gebaseer en nie op 'n volledige verrekening van die historiese literatuur wat na die saak verwys nie. Daar is literatuur wat die moontlikheid van die ontwikkeling van 'n eie identiteit hipoteties oorweeg eerder as wat hulle dit as 'n feit stel. In sommige gevalle is die aanname oor Afrikaneridentiteit nie op die inhoudelike navorsing gebaseer nie maar eerder op afleidings en projekterings wat navorsers in hulle slotbeskouinge maak.
  - Stellings dat sodanige aansprake bestaan is soms netsoveel konstruksies uit die verpolitiserings en verideologisering van die geskiedenis, as wat die oorspronklike aansprake ter legitimering van Afrikanernasionalisme dit is.
  - Nuwe navorsing wat in meer diepte na die sosiaal-politieke stratifikasies in die Kaapse samelewing kyk en die rol van partikuliere belange skerper onder die aandag bring, toon aan hoe verwickeld die patroon van verandering, akkulturasie en identifisering in die Kaapse samelewing is.
  - Hierdie kompleksere beeld toon egter ook dat spore van verandering van gesindheid, houding en verhoudings teen 1795 waarneembaar was. Die rigting waarin daardie spore kon loop, was teen 1795 om begryplike redes in die skoot van die toekoms opgesluit.
  - Dit is die verdienste van die jongste navorsing dat dit wys op potensiële alternatiewe wyses waarop prosesse aan die Kaap sou kon verloop het.
- Die aanspraak dat ras en klas die bepalende faktore in die ontwikkeling van sosiale verhoudings was en dat dit die basiese manier is waarop groepe hulleself geïdentifiseer het.
  - Die wyse waarop navorsing tans die aandag op alternatiewe identiteite en kompeterende sosiale groeperings vestig, gee nuwe betekenis aan die feit dat die koms van die Britse heerskappy nuwe kragte en faktore in die spel gebring het, waarteenoor standpunte

ontwikkel moes word. Dit is in hierdie konflik dat die potensiaal vir veel van die latere gebeure ontkiem het.

- Die feit is dat mense se subjektiewe ervaring van hulle status en aansien (*respectability*) eerder as sosiaal-akademiese klassifikasievorme, mense se identiteit verteenwoordig. Die individuele ervaring eerder as die teoretiese model is 'n betekenisvolle maatstaf vir die verstaan van sosiale uitdrukking.
- Die aanspraak dat die Calvinistiese godsdiens 'n bepalende rol in die vorming van identiteite en bewussyn gespeel het.
- Die Christene aan die Kaap het in hulle Christelike optrede ooreenkomstig hulle tradisies en Nederlandse of Morawiese gebruike gehandel, nie op grond van leerstellings wat deur sinodes en teoloë neergelê is nie.
- Identiteite is moderne konstruksies wat op die verlede teruggekaats word om eietydse belange te dien, eerder as wat dit 'n weerspieëling van historiese werklikhede is.
  - Die wyse waarop sodanige konstruksies in die verlede in die geval van Afrikaneridentiteit ontstaan het, bevestig die rol wat die skep van interpretasies speel om 'n historiese evolusie bloot te lê. Die wyse waarop die proses tans weer ten opsigte van die Khoi, San en die bruinmense ontwikkel word, is 'n illustrasie van die proses waardeur die verlede in terme van die hedendaagse eise hanteer word. As geskiedenis nie vrae van die hede aan die verlede wil of kan beantwoord nie, moet hy sy rol en funksie in en vir die samelewing weer in oorweging neem.
  - Die vraag is nie of sulke konstruksies geskep word nie. Die vraag is eerder of die konstruksies wat geskep word geloofwaardig is. Kan dit die toets van debat en alternatiewe deurstaan? Die debat oor identiteite is een van die interessante toetsterreine vir hierdie noodsaaklike akademiese dialoog.

### **Abstract**

#### **The VOC-era and the development of identity consciousnesses at the Cape**

To what extent can it be claimed that modern South African identities took shape during the period of VOC at the Cape? This question is addressed against the background that in historiography it has often been claimed that

*Historia*, 47(2), November 2002, pp. 709-38.

Afrikaner identity originated in the period of Dutch rule at the Cape. In his doctoral thesis Ad Biewenga concluded that by 1730 the Cape was a Dutch colony in name and culture. This article deals with the origins of five identities of which the first footprints can be distinguished by 1795: The Afrikaner, the Khoi and San, the mixed Cape population, the slaves and the Muslims. In the conclusion the issue of whether these identities represent a true reflection of the historical situation or a construction by modern historians is discussed.